# 2020 SENWESBEL

KENNISGEWING VAN

## ALGEMENE JAARVERGADERING



# SENWESBEL BEPERK

**ISISN: ZAEZ00000026**
(Ingelyf in die Republiek van Suid-Afrika)
(Registrasienommer 1996/017629/06)

---

Geagte Aandeelhouer,

**Kennisgewing van publikasie van geïntegreerde verslag, finansiële jaarstate en kennisgewing van 2020 algemene jaarvergadering.**

Sien asseblief hiermee die kennisgewing van algemene jaarvergadering van Senwesbel Beperk, wat op Donderdag 27 Augustus 2020 om 11:00 in die Hoof Raadsaal, tweede vloer Senwes Hoofkantoor, Charel de Klerkstraat 1, Klerksdorp, gehou sal word (***AJV***).

Ingevolge artikel 31(1) van die Maatskappywet, No. 71 van 2008, soos gewysig (***Wet***), word u hiermee in kennis gestel dat die Senwesbel Geïntegreerde Verslag 2020 en volledige finansiële jaarstate op die Senwes webwerf beskikbaar sal wees (www.senwes.co.za) vanaf Vrydag, 24 Julie 2020.

Indien u 'n gedrukte kopie van die geïntegreerde verslag of die finansiële jaarstate wil ontvang, kan u dit by die geregistreerde kantoor van Senwesbel Beperk, by Charel de Klerkstraat 1, Klerksdorp, 2571, verkry of by die Maatskappysekretaris van Senwes (e-pos: Elmarie.Joynt@senwes.co.za).

**As gevolg van die beperkings op openbare byeenkomste in ooreenstemming met die Wet op Rampbestuur, 2002**, word aandeelhouers aangemoedig om die vergadering deur middel van volmag by te woon. Voltooide volgmagvorms kan enige tyd voor die vergadering afgelewer word, maar gegewe praktiese oorwegings, word aandeelhouers versoek om, indien moontlik, hul volmagvorms, verkieslik per e-pos in te dien by claudi.smit@senwes.co.za of om elektronies te stem op www.senwes.co.za teen 27 Augustus 2020 voor 8:00 AM.

Die resultate van die AJV sal so spoedig moontlik na die vergadering op ZAPS aangekondig word.

**Alwyn Scholtz**
**Maatskappysekretaris: Senwesbel Beperk**
**2 Julie 2020**

**Hierdie dokument is belangrik en vereis u onmiddellike aandag**

*Die definisies en interpretasies op bladsy 3 van hierdie kennisgewing is, tensy die konteks 'n ander bedoeling aandui, van toepassing dwarsdeur hierdie dokument, insluitend hierdie voorblad.*

---

# Kennisgewing van 2020 Algemene Jaarvergadering

---

# SENWESBEL BEPERK

**ISISN: ZAEZ00000026**

(Ingelyf in die Republiek van Suid-Afrika)

(Registrasienommer 1996/017629/06)

---

| BELANGRIKE DATUMS VIR ALLE AANDEELHOUERS: | 2020 |
|---|---|
| REKORDDATUM VIR KENNISGEWING VAN VERGADERING | 24 JULIE |
| REKORDDATUM VIR DIE BYWONING, DEELNAME EN STEMMING BY DIE ALGEMENE JAARVERGADERING | 27 AUGUSTUS |
| REKORDDATUM VIR FINALE DIVIDEND | 27 AUGUSTUS VOOR 8:00 |
| REKORDDATUM VIR DIE ALGEMENE JAARVERGADERING | 27 AUGUSTUS OM 11:00 |

**KENNIS GESKIED HIERMEE dat die 2020 Algemene Jaarvergadering van aandeelhouers van die Maatskappy gehou sal word by die Raadsaal, tweede vloer, Senwes Hoofkantoor, Charel de Klerkstraat 1, Klerksdorp, op Donderdag, 27 Augustus 2020 om 11:00 ten einde die onderstaande aangeleenthede af te handel:**

1. Om aan die aandeelhouers die geouditeerde finansiële jaarstate van die Maatskappy aan te bied, tesame met die verslae van die direksie van die Maatskappy (die Raad) en die Ouditkomitee van die Maatskappy vir die finansiële jaar geëindig 30 April 2020.

2. Om te oorweeg, en indien dit geskik geag word, die gewone besluite wat in hierdie kennisgewing van die algemene jaarvergadering uiteengesit word, te aanvaar, met of sonder wysigings.

3. Om te oorweeg, en indien dit geskik geag word, die spesiale besluite wat in hierdie kennisgewing van die algemene jaarvergadering uiteengesit word, te aanvaar, met of sonder wysigings.

**’N AANDEELHOUER KAN ’N GEVOLMAGTIGDE AANSTEL OM HOM/HAAR BY DIE VERGADERING TE VERTEENWOORDIG EN OM NAMENS HOM/HAAR DAAR TE STEM EN TE PRAAT. DIE VOLMAGVORM SOOS HIERIN VERVAT MOET VIR HIERDIE DOEL GEBRUIK WORD EN MOET BY DIE MAATSKAPPY SE GEREGISTREERDE KANTOOR INGEHANDIG WORD BY WYSE VAN POS, TELEFAKS OF ELEKTRONIESE INDIENING INGEVOLGE DIE VEREISTES WAT IN HIERDIE KENNISGEWING VERVAT IS.**

In ooreenstemming met artikels 59(1)(a) en (b) van die Wet, is die rekorddatum vir die bepaling van die aandeelhouers van die Maatskappy geregtig om die kennisgewing van algemene jaarvergadering te ontvang (dit is die datum waarop 'n aandeelhouer geregistreer moet wees in die Maatskappy se register van aandeelhouers om kennisgewing van die algemene jaarvergadering te ontvang), Vrydag, 24 Julie 2020.

Die laaste dag van verhandeling in Senwesbel-aandele en die rekorddatum vir 'n aandeelhouer om op die sekuriteitsregister van die Maatskappy geregistreer te wees om geregtig te wees om die algemene jaarvergadering by te woon, deel te neem en te stem, is Donderdag 27 Augustus 2020 voor 08:00.

**AGENDA**

1. **Aanbieding van die finansiële jaarstate en verslae**

   Die geouditeerde finansiële jaarstate van Senwesbel Beperk, insluitende die verslae van die direkteure en ouditkomitee vir die jaar geëindig 30 April 2020 is saam met hierdie dokument in opsommende vorm beskikbaar. Die volledige finansiële jaarstate is op Senwes se webwerf by www.senwes.co.za beskikbaar.

**2. Gewone besluite**

   i. Gewone besluite vereis die goedkeuring van 50% (vyftig persent) van die stemreg uitgeoefen ten opsigte van elke besluit.

   ii. Verkorte CV's van die lede van die Ouditkomitee wat staan vir verkiesing word uiteengesit op bladsy 4 van hierdie kennisgewing.

   Aandeelhouers word versoek om drie gewone besluite te aanvaar wat te make het met i) die heraanstelling van die ouditeure, ii) aanstelling van die ouditkomitee, en iii) die bevestiging van die dividend.

**3. Spesiale besluite**

   Spesiale besluite vereis die goedkeuring van 66% (ses en sestig persent) van die stemregte wat ten opsigte van elke besluit uitgeoefen word.

   Aandeelhouers word versoek om vyf spesiale besluite te aanvaar wat te make het met i) die naamsverandering van die Maatskappy, ii) algemene magtiging om aandele uit te reik en toe te ken, iii) magtiging aan die Maatskappy of 'n filiaal van die Maatskappy om die aandele van die Maatskappy te verkry, iv) Magtiging tot die verlening van finansiële bystand aan 'n filiaal van die Maatskappy om die aandele van die Maatskappy te verkry, en v) Goedkeuring van die vergoeding van nie-uitvoerende direkteure.

**BESKIKBAARHEID VAN DIE GEÏNTEGREERDE VERSLAG, GEOUDITEERDE FINANSIËLE JAARSTATE EN VERSLAG VAN DIE SOSIALE EN ETIESE KOMITEE:**

Afskrifte van die omvattende geïntegreerde verslag en geouditeerde finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 30 April 2020 kan verkry word vanaf die geregistreerde kantoor van die Maatskappy, Charel de Klerkstraat 1, Klerksdorp, 2571, gedurende normale kantoorure vanaf 24 Julie 2020, of kan besigtig word op die maatskappy se webwerf: www.senwes.co.za

Afskrifte van die verslag van die Sosiale en Etiese komitee vir die jaar geëindig 30 April 2020 kan vanaf 24 Julie 2020 verkry word gedurende normale kantoorure vanaf die geregistreerde kantoor van die Maatskappy, Charel de Klerkstraat 1, Klerksdorp, 2571, of op versoek per e-pos vanaf die Maatskappysekretaris van Senwesbel Beperk by alwyn@scholtzatt.co.za

| BELANGRIKE OMSKRYWINGS: | |
|---|---|
| Aandeelhouers word in kennis gestel dat die volgende woorde in hierdie kennisgewing die volgende betekenisse het: | |
| ***Aandeelhouers***: | Die geregistreerde aandeelhouers of lede van die Maatskappy soos van tyd tot tyd in die aandeelhouersregister weergegee. |
| ***Akte van Oprigting of AvO***: | Akte van Oprigting van die Maatskappy. |
| ***Direksie of Raad***: | Die direksie van die Maatskappy. |
| ***Maatskappy***: | Senwesbel Beperk. |
| ***Senwes***: | Senwes Beperk, registrasienommer 1997/005336/06. |
| ***Senwesbel:*** | Senwesbel Beperk, registrasienommer 1996/017629/06. |
| ***Wet***: | Maatskappywet, Wet 71 van 2008, soos gewysig, insluitend alle skedules en regulasies daartoe. |

## A. VOORLEGGING VAN DIREKSIEVERSLAG EN FINANSIËLE JAARSTATE SOOS ONDERSTEUN DEUR DIE OUDITKOMITEEVERSLAG

Om aan die vergadering voor te lê –

- die direksieverslag en geouditeerde finansiële jaarstate van die Maatskappy vir die tydperk geëindig 30 April 2020*; en
- die Ouditkomiteeverslag,

soos goedgekeur deur die Direksie.

(* ’n Afskrif van die volledige jaarverslag vir die vorige finansiële jaar is beskikbaar op Senwes se webtuiste of op versoek by die Maatskappysekretaris by die Maatskappy se geregistreerde kantoor.)

## B. GEWONE BESLUITE

Om die volgende 3 (drie) gewone besluite te oorweeg en, indien goedgekeur, sodanige besluite met of sonder wysiging te aanvaar:

### 1. Gewone besluit nr. 1: Heraanstelling van ouditeur

Besluit om die heraanstelling van die ouditeur, Ernst & Young Ing., soos genomineer deur die Maatskappy se Ouditkomitee, as onafhanklike ouditeur van die Maatskappy goed te keur om hierdie posisie te beklee tot die volgende algemene jaarvergadering van die Maatskappy.

***Rede en gevolg:***

*Die rede vir gewone besluit nr. 1 is dat die Maatskappy se ouditeur moet, ingevolge die Wet, op ’n jaarlikse basis by die algemene jaarvergadering aangestel of heraangestel word.*

*Mnr. Derek Engelbrecht, as individuele en aangewese ouditeur, is aangestel om op te tree as die aangewese vennoot vir die 2021-oudit.*

**2. Gewone besluit nr. 2: Aanstelling van die Ouditkomitee**

Besluit om die volgende ondervermelde nie-uitvoerende direkteure van die Maatskappy aan te stel (gewone besluite nr. B2.1 tot B2.3) as lede van die Senwesbel Ouditkomitee tot ná die Maatskappy se volgende algemene jaarvergadering. Die Direksie beveel aan dat die Ouditkomitee uit die volgende drie nie-uitvoerende direkteure bestaan:

---

2.1. **Gewone besluit nr. 2.1:**

NDP (Nico) Liebenberg

B.Com. (Hons) Meestersgraad in Volhoubare Landbou.

*Nico boer in die Bothaville distrik sedert einde 1991 en het 'n gediversifiseerde boerdery eenheid tot stand gebring wat bestaan uit droë-land graan, beeste en groente onder besproeiing. Die groente eenheid het ontwikkel in 'n belangrike nasionale verskaffer van, onder andere, wortels en waarde toegevoegde wortel produkte vir 'n groot voedsel kleinhandelaar.*

*Nico is 'n direkteur van Senwesbel en Senwes asook 'n lid van Senwes se Oudit- en Risikokomitees en voorsitter van die Senwes Vergoedingskomitee.*

2.2. **Gewone besluit nr. 2.2:**

AJ (Dries) Kruger

Hons. B.Compt. GR(SA).

*Dries is 'n geregistreerde ouditeur en rekenmeester wat vir die grootste deel van sy loopbaan in Kroonstad gepraktiseer het. Hy is 'n direkteur van maatskappye, finansiële konsultant en het as publieke rekenmeester en ouditeur gepraktiseer tot en met 2015.*

*Dries is 'n direkteur en voorsitter van Senwesbel, 'n direkteur van Senwes en lid van Senwes se Oudit- , Beleggings- en Nominasiekomitees.*

2.3. **Gewone besluit nr. 2.3:**

JDM (Danie) Minnaar

*B.Com.*

*Danie boer sedert 1988 in die Kroonstad distrik en is vir baie jare reeds deel van die landbousektor. Hy is 'n voormalige voorsitter van die Vrystaat Landbou-unie Jongboerkomitee, was betrokke by die implementering en bevordering van graanbemarking op Safex en het gedien as Trustee van die Mielietrust en direkteur van Sagis.*

*Danie is 'n direkteur van Senwesbel en direkteur en voorsitter van Senwes, voorsitter van Senwes se Nominasiekomitee en lid van die Beleggingskomitee. Hy is ook 'n ex officio-lid van alle ander direksiekomitees van Senwes.*

**3. Gewone besluit nr. 3: Bekragtiging van finale dividend**

**Besluit om** die aanbeveling deur die Direksie te bekragtig en goed te keur dat 'n dividend van 23 (drie en twintig) sent per aandeel verklaar word ingevolge klousule 19.1 van die Akte van Oprigting.

Ingevolge klousule 19.5 van die Akte van Oprigting mag die algemene jaarvergadering nie 'n groter dividend verklaar as die dividend wat deur die Direksie aanbeveel is nie.

*(Dividende sal om en by 4 September 2020 aan aandeelhouers uitbetaal word wat as sulks geregistreer is op die rekorddatum van 27 Augustus 2020.)*

## C. SPESIALE BESLUITE

Spesiale besluite vereis die goedkeuring van 66% (ses en sestig persent) van die stemregte wat ten opsigte van elke besluit uitgeoefen word.

**1. Spesiale besluit nr. 1: Wysiging van Akte van Oprigting: Naamsverandering**

**Besluit dat:**

1. Die naam van die Maatskappy verander word na "**AGRIBEL HOLDINGS**".

2. Alle verwysings in die Akte van Oprigting van die Maatskappy na '*Senwesbel'* en/of '*Senwesbel Beperk*' verander word na '*Agribel Holdings*' en/of '*Agribel Holdings Beperk*' soos van toepassing.

***Rede en gevolg*:**

*In ooreenstemming met die doelstelling van die Maatskappy om 'n landbou beleggingsmaatskappy te wees en in erkenning van die uitbreiding van die Senwes groep beveel die raad aan dat die naam van die Maatskappy verander word vanaf Senwesbel, wat histories net op die Senwes groep gefokus was, na Agribel Holdings.*

*Die naam 'Agribel Holdings' is voorlopig gereserveer deur die Kommissie van Maatskappy en Intellektuele Goedere vir gebruik en gevolglik word aandeelhouers versoek om die verander van die Maatskappy se naam vanaf 'Senwesbel' na 'Agribel Holdings' goed te keur.*

**2. Spesiale besluit nr. 2: Algemene magtiging om aandele uit te reik en toe te ken**

**Besluit dat:**

As staande en algemene magtiging ingevolge Artikel 41 van die Wet en soos beoog in klousules 6.3 en 6.4 van die Akte van Oprigting, word en is die Maatskappy se gemagtigde maar onuitgereikte aandelekapitaal, soos op die datum van hierdie besluit, hiermee onder die beheer van die direkteure van die Maatskappy geplaas tot die volgende algemene jaarvergadering, om sodanige gewone aandele aan sodanige persoon (persone) en op sodanige bepalings en voorwaardes toe te ken en uit te reik soos wat die direkteure in hul eie uitsluitlike diskresie kan bepaal; met dien verstande dat hierdie magtiging die uitreiking van gewone aandele, sekuriteite, opsies of regte wat daaraan verbonde is aan enige direkteure, voorgeskrewe beamptes of persone verwant of tussen verwant aan die Maatskappy, of 'n direkteur of voorgeskrewe beampte van die Maatskappy, soos beoog in Artikel 41(1) van die Wet, insluit.

***Rede en gevolg:***

*Die rede vir hierdie spesiale besluit is omdat die Akte van Oprigting vereis dat aandeelhouers magtiging aan die Direksie verleen om aandele uit te reik. Die Wet vereis dat aandeelhouers magtiging verleen wanneer aandele aan direkteure en/of voorgeskrewe beamptes en/of verwante partye uitgereik gaan word.*

*Die magtiging word vereis om die Direksie in staat te stel om in 'n posisie te wees om uitvoering te gee aan die Maatskappy se strategieë ten opsigte van die behoud en uitbreiding van sy belang in Senwes en om aandele aan bestaande aandeelhouers uit te reik ten einde verdere kapitaal te verkry.*

*Die magtiging sal ook die Direksie toelaat om aan aandeelhouers die opsie te gee om aandele in plaas van 'n kontant dividend te ontvang indien die Direksie sou besluit om 'n skrip dividend aan aandeelhouers aan te bied en om sodanige aandele aan die aandeelhouers uit te reik wat die keuse uitoefen om 'n skrip dividend te ontvang.*

3. **Spesiale besluit no. 3: Magtiging aan die Maatskappy of 'n filiaal van die Maatskappy om die aandele van die Maatskappy te verkry**

**Besluit dat:**

Die aandeelhouers van die Maatskappy magtig hiermee, deur middel van 'n algemene magtiging en vir 'n enkele of 'n reeks transaksies, die volgende:

a) Die verkryging van enige van sy aandele deur die Maatskappy of enige filiaal van die Maatskappy, hetsy deur middel van 'n enkele transaksie of 'n reeks transaksies, insluitend vanaf 'n direkteur of voorgeskrewe beampte van die Maatskappy, of 'n persoon verwant aan 'n direkteur of voorgeskrewe beampte van die Maatskappy; en

b) die verkryging van en / of oordrag aan die Maatskappy van enige van sy aandele wat deur enige van sy filiale ooreenkomstig (a) hierbo aangekoop is,

teen sulke vergoeding en op sodanige voorwaardes en in die hoeveelhede wat van tyd tot tyd deur die direkteure van die Maatskappy of sy filiale bepaal word, maar onderworpe aan die bepalings van die Wet, die noteringsvereistes van 'n effektebeurs waarop die Maatskappy se aandele genoteer is (indien van toepassing) en onderhewig aan sodanige ander voorwaardes as wat deur enige ander owerheid verlang mag word, met dien verstande dat:

i. die magtiging sal slegs geldig wees tot en met die datum van die Maatskappy se volgende algemene jaarvergadering;

ii. die algemene magtiging om aandele in die Maatskappy ooreenkomstig (a) hierbo in enige 1 (een) finansiële jaar te koop, sal beperk word tot 'n maksimum van 5% (vyf persent) van die Maatskappy se uitgereikte aandelekapitaal van daardie klas op die datum waarop die magtiging toegestaan is;

iii. die direksie van die Maatskappy besluit het om die verkryging van aandele in die Maatskappy te magtig, dat die Maatskappy die solvensie- en likiditeitstoets soos beoog in die Wet geslaag het, en dat geen wesenlike verandering plaasgevind het in die finansiële posisie van die Maatskappy en sy filiale ("die groep") sedert die toepassing van die solvensie- en likiditeitstoets nie;

iv. die Maatskappy of sy filiale mag nie enige aandele gedurende 'n geslote tydperk vir die verhandeling van aandele bekom nie, tensy 'n terugkoopprogram ingestel is waarin die datums en aantal aandele wat gedurende die betrokke tydperk verhandel mag word bepaal is en waarvan omvattende besonderhede van die program deur middel van 'n aankondiging aan die algemene publiek en aandeelhouers bekend gemaak is.

***Rede en gevolg:***

*Die rede vir en gevolg van spesiale besluit nr. 3 is om algemene magtiging te verleen ingevolge die Akte van Oprigting en die Wet om die Maatskappy of enige van die filiale van die Maatskappy, in staat te stel om aandele uitgereik deur die Maatskappy te verkry, insluitende die opeenvolgende verkryging of oordrag aan die Maatskappy van aandele verkry deur sy filiale op hierdie wyse asook aandele verkry vanaf lede van die direksie of persone verwant aan die lede van die direksie.*

**4. Spesiale besluit no.4: Magtiging tot die verlening van finansiële bystand aan 'n filiaal van die Maatskappy om die aandele van die Maatskappy te verkry**

**Besluit dat:**

As ’n algemene goedkeuring in terme van en onderhewig aan Artikel 44 van die Wet, soos gewysig, mag die direkteure die maatskappy magtig om finansiële bystand (soos gedefinieer in die Wet), te verleen deur ‘n lening, waarborg, die verskaffing van sekuriteit of andersins aan enige verwante maatskappy van die Maatskappy vir doeleindes van, of in verband met, die inskrywing vir enige opsie, of enige sekuriteite, wat deur die Maatskappy of ‘n onderlinge verwante maatskappy uitgereik is of gaan word, of vir die aankoop van enige sekuriteite van die Maatskappy of ‘n verwante of onderling verwante maatskappy, wat spesifiek insluit dat die Direksie sodanige reëlings namens die Maatskappy mag tref wat volgens hulle nodig is vir sodanige finansiering, bystand of subsidiëring van enige van die Maatskappy se filiale en/of geassosieerdes en/of entiteite waarin die Maatskappy ’n belang het, en vir die waarborg van sy kontrakte, verpligtinge of laste, op welke wyse ook al vir sodanige doel, vir ’n periode van 24 maande vanaf die datum van hierdie besluit.

***Rede en gevolg*:**

*Die rede vir hierdie spesiale besluit is dat, alhoewel klousule 15 van die Akte van Oprigting finansiële bystand deur die Maatskappy magtig aan enige persoon met die doel om, of in verband met, die inskrywing van enige opsie of enige Sekuriteite wat uitgereik is of uitgereik moet word deur die Maatskappy of ’n verwante of onderling verwante maatskappy, of vir die aankoop van sodanige Sekuriteite van die Maatskappy, Artikel 44 van die Wet vereis dat sodanige finansiële bystand slegs verleen mag word indien die aandeelhouers, by wyse van ’n spesiale besluit geneem gedurende die vorige twee jaar, sodanige finansiële bystand goedgekeur het. In praktyk behels dit dat Senwesbel nie enige nuwe befondsing aan sy filiale of geassosieerde maatskappye mag verleen vir die verkryging van Senwesbel aandele nie tensy dit deur die aandeelhouers goedgekeur word.*

*Die effek van hierdie besluit is dat algemene magtiging aan die Direksie verleen word om befondsing te verskaf aan sy filiale om aandele in die Maatskappy te bekom. Die magtiging word verleen vir ’n periode van twee jaar vanaf die datum van die spesiale besluit.*

*Die aandeelhouers het tydens die 2019 algemene jaarvergadering ‘n algemene goedkeuring verleen vir die verskaffing van finansiële bystand deur die Maatskappy aan onderlinge verwante maatskappy. Vir Senwesbel om finansiële bystand aan onderlinge verwante maatskappy ter verleen om aandele in Senwesbel te bekom verg egter ‘n verdere spesifieke magtiging. Die magtiging verleen in terme van hierdie resolusie sal die strukturering en implimentering van aandele terugkoop programme deur die Maatskappy in die toekoms vergemaklik.*

5. **Spesiale besluit no.5: Goedkeuring van die vergoeding van nie-uitvoerende direkteure**

**Besluit dat:**

Die Raad word hiermee gemagtig en ‘n mandaat verleen om die vergoeding van die nie-uitvoerende direkteure van die Maatskappy wat tydens die 2019 Algemene Jaarvergadering van die Maatskappy goedgekeur is, te verhoog tot 'n maksimum van 5% (vyf persent).

***Rede en gevolg:***

*In ooreenstemming met die bepalings van klousule 32 van die MOI, is 'n nie-Uitvoerende Direkteur geregtig op die vergoeding soos bepaal deur die maatskappy van tyd tot tyd by 'n algemene vergadering. Artikel 66 (9) van die Wet vereis dat vergoeding goedgekeur word deur middel van 'n spesiale besluit deur aandeelhouers aangeneem en die vergoeding word dus vir oorweging ter tafel gelê.*

*As gevolg van die ernstige en onseker impak wat die Covid 19 pandemie oor die lang termyn op die ekonomie en die Senwes groep mag hê, stel die Raad voor dat aandeelhouers 'n mandaat aan die Raad verskaf om 'n verhoging van hoogstens 5% (vyf persent) van die nie-uitvoerende direkteure se vergoeding soos goedgekeur vir vorige jaar te verleen vir die tydperk 1 September 2020 tot 31 Augustus 2021. Senwes personeel het nie enige salaris verhogings vir 2020/2021 ontvang nie, maar hierdie besluit kan verander word indien heersende toestande 'n hersiening daarvan regverdig. Gevolglik is besluit dat die nie-uitvoerende direkteure van die Maatskappy ook geen verhoging sal ontvang nie maar dat hierdie besluit ook hersien kan word volgens die mandaat wat in spesiale besluit No 5 verskaf word.*

*Daar moet kennis geneem word dat indien die besluit nie aanvaar word nie, die vergoeding soos goedgekeur deur aandeelhouers by die 2019 algemene jaarvergadering tot en met die volgende algemene jaarvergadering in 2021 betaalbaar sal wees.*

*Soos uiteengesit in die Bindende Algemene Verordening 41, uitgereik deur die Suid-Afrikaanse Inkomstediens en gedateer 10 Februarie 2017, sal BTW gehef word op die gelde van Suid-Afrikaanse nie-uitvoerende direkteure vanaf 1 Junie 2017, mits sodanige direkteure geregistreer is vir BTW. Indien dit goedgekeur word, sal die vergoeding en enige BTW wat bykomend daarop betaalbaar is, betaal word aan die direkteure.*

*Besonderhede van die vergoeding betaal vir die jaar geëindig 30 April 2020 is beskikbaar in die Geïntegreerde verslag (verwys na www.senwes.co.za).*

## D. SAMESTELLING VAN DIREKSIE

### 1. VERKIESING VAN DIREKTEURE

Ingevolge die Akte van Oprigting verstryk Mnre. WH (Thabo) van Zyl en JJ (Jaco) Minnaar se aanstellings ooreenkomstig die rotasiebeleid by hierdie vergadering. Mnre. WH (Thabo) van Zyl en JJ (Jaco) Minnaar het aangedui dat hulle beskikbaar is vir herverkiesing.

Ingevolge klousule 29.6 van die Akte van Oprigting is nominasies vir die aanstelling van direkteure op 15 April 2020 van die lede aangevra. Slegs twee kandidate is behoorlik deur die lede genomineer vir die twee vakatures, naamlik Mnre. WH (Thabo) van Zyl en JJ (Jaco) Minnaar.

Die twee genomineerdes is derhalwe aangestel as direkteure sonder dat dit nodig was om nog ’n aandeelhouers vergadering te hou om direkteure aan te stel om die vakatures te vul.

Die verkorte curriculum vitae van mnr. Minnaar is soos volg:

**JJ (*Jaco*) MINNAAR**

| | |
|---|---|
| **Volle Name en Van:** | Jacobus Johannes Minnaar |
| **Besigheidsadres:** | Botesrust, Posbus 322, Hennenman, 9445 |
| **Geboortedatum en ouderdom:** | 2 September 1976 (43) |
| **Diensjare:** | Direkteur sedert Augustus 2011 |
| **Kwalifikasie:** | B.Eng. Landbou (UP) 1998 |
| **Beroep** | Jaco is betrokke by verskeie georganiseerde landboubestuurstrukture sedert 2000. Hy was ook 'n lid van die uitvoerende komitee van Vrystaat Landbou vanaf 2004 tot 2011 en vorm deel van Graan SA se bestuurspan sedert 2011. Jaco was die voorsitter van Graan SA. Hy is ook deel van die algemene raad van Agri SA en dien op verskeie beleidskomitees.<br>Hy is ook 'n direkteur van Senwes en 'n lid van die Vergoedings- en Risikokomitees van Senwes. |
| **Kontakbesonderhede:** | Sel no.: 083 626 7000<br>e-pos: jaco@compuking.co.za |

Die verkorte curriculum vitae van mnr. Van Zyl is soos volg:

**WH (*Thabo*) VAN ZYL**

| | |
|---|---|
| **Volle Name en Van:** | Wilhelmus Hendrikus van Zyl |
| **Besigheidsadres:** | Visagieskuil, Posbus 166, Wesselsbron, 9680 |
| **Geboortedatum en ouderdom:** | 12 Desember 1974 (45) |
| **Diensjare:** | Direkteur sedert 2012 |
| **Kwalifikasie:** | B.Sc Agric (Landbou-ekonomie) |
| **Beroep:** | Thabo dien op die raad van Bothaville Meule sedert 2001, wat sedertdien verander het na Thuso Meule. Thabo het uitgebreide boerdery en sakebedrywighede in die Wesselsbron en Bothaville gebiede en naas 'n suksesvolle produsent, is hy deel van Thuso Meule. Hy was ook instrumenteel in die stigting van Telwiedre Voere in Bothaville. Hy is ook 'n direkteur van Senwes, lid en voorsitter van die Risikokomitee van Senwes en lid van die Senwes Vergoedingskomitee. |
| **Kontakbesonderhede:** | Sel no.: 083 468 2388<br>e-pos: wvz@global.co.za |

## 2. SAMESTELLING VAN DIE SENWESBELRAAD

Na aanleiding van die transaksies wat gesluit is met die KLK groep wat onder andere die gevolg gehad het dat KLK genomineerdes op die Senwes raad aangewys is en ten einde die effektiewe funksionering van die Senwes raad te verseker, is ooreengekom dat die Senwesbel verteenwoordiging op die Senwes raad sal verklein. Gevolglik moes die Senwesbel Raad ook verklein word. Ten einde die verkleining te akkommodeer is besluit om Senwesbel met een direkteur te verminder en Mnr TF (Tom) van Rooyen het ooreengekom om voor die verstryking van sy termyn uit te tree as direkteur van Senwesbel. Mnr van Rooyen tree dus uit as direkteur van Senwesbel met effek van die 2020 Senwesbel Algemene Jaarvergadering om te voldoen aan die besluit om die Senwesbelraad te verklein.

Mnr van Rooyen word bedank vir die bydrae wat hy gemaak het die afgelope jare tot beide die Senwesbel sowel as die Senwes rade en vir sy bereidwilligheid om uit te tree ten einde ruimte te skep vir bykomende raadslede by Senwes en sodoende die strategiese doelwitte van die Maatskappy te ondersteun.

## BELANGRIKE ALGEMENE NOTAS

- Alle aandeelhouers is geregtig om die vergadering by te woon en daarby te stem. Die aandeleregister van die Maatskappy soos op 8:00 Donderdag, 27 Augustus 2020 sal, vir die doeleindes van die vergadering bepaal wie die kwalifiserende lede is.

- ’n Aandeelhouer wat nie in staat is om die vergadering by te woon nie, mag ’n gevolmagtigde aanstel om hom/haar by die vergadering te verteenwoordig, daaraan deel te neem, daar te praat en namens hom/haar te stem of om toestemming namens die aandeelhouer te gee of te weerhou vir ’n besluit soos beoog in Artikel 65 van die Wet.

- ’n Gevolmagtigde hoef nie ook ’n aandeelhouer van die Maatskappy te wees nie.

- ’n Aandeelhouer van die Maatskappy mag twee of meer persone gelyktydig as gevolmagtigdes aanstel en mag meer as een gevolmagtigde aanstel om stemregte uit te oefen met betrekking tot verskillende sekuriteite in die aandeelhouer se besit.

- ’n Gevolmagtigde kan sy of haar magtiging om namens die aandeelhouer op te tree aan ’n ander persoon delegeer, onderhewig aan enige beperking wat uiteengesit word in die dokument wat die gevolmagtigde aanstel.

- Ongeag die formaat van die dokument wat gebruik word om ’n gevolmagtigde aan te stel, kan die aanstelling van ’n gevolmagtigde op enige tydstip opgeskort word indien die tersaaklike aandeelhouer kies om direk en persoonlik in die uitoefening van enige sodanige regte as aandeelhouer op te tree. Die aanstelling is herroepbaar tensy die gevolmagtigde se aanstelling uitdruklik anders aandui. Indien die aanstelling herroepbaar is, kan ’n aandeelhouer die benoeming van ’n gevolmagtigde herroep deur dit skriftelik te kanselleer, of deur ’n later strydige benoeming van ’n gevolmagtigde te maak; en ’n afskrif van die herroepingsdokument aan die gevolmagtigde en aan die Maatskappy te lewer. Die herroeping van ’n gevolmagtigde se aanstelling maak ’n volledige en finale kansellasie van die gevolmagtigde se magtiging uit om namens die aandeelhouer op tree.

- ’n Volmagvorm is hierby ingesluit.

- Om die administrasie van die vergadering te fasiliteer, word aandeelhouers aangemoedig om volmagvorms so gou as moontlik maar nie later nie as 24 uur voor die aanvang van die vergadering, d.w.s om 11:00 op Woensdag 26 Augustus 2020, te lewer.

- Aandeelhouers wat verkies om deur middel van ’n gevolmagtigde verteenwoordig te wees en te stem –

  i. mag 'n harde kopie van ‘n volmagvorm voltooi volgens die instruksies agterop die dokument en dit aan die Maatskappysekretaris by die geregistreerde kantoor van die Maatskappy by Charel de Klerkstraat 1, Klerksdorp, 2571, of faks of pos, vir die aandag van die maatskappysekretaris. Posadres: Posbus 31, Klerksdorp, 2570. Faksnommers 086 680 3124 of (018) 464 2228.

  OF

  ii. mag die volmag elektronies via die internet indien. Vir hierdie doel moet www.senwes.co.za besoek word. Die instruksies rakende die voltooiing van volmag wat agter op die volmagvorm hierby ingesluit vervat is, is *mutatis mutandis* van toepassing op elektroniese volmagte.

- Let asseblief daarop dat daar van deelnemers aan die vergadering (insluitend gevolmagtigdes) verwag word om redelik bevredigende identifikasie te voorsien alvorens hulle geregtig sal wees om aandeelhouersvergaderings by te woon of daaraan deel te neem. Bevredigende vorms van identifikasie sluit geldige identiteitsdokumente, rybewyse en paspoorte in.

In opdrag van die Direksie van die Maatskappy.



***AE Scholtz***
**MAATSKAPPYSEKRETARIS** Tel. nr.: 076 212 1776

KLERKSDORP
2 Julie 2020

**OPSOMMING VAN REGTE VERVAT IN ARTIKEL 58 VAN DIE WET**

**Ingevolge artikel 58 van die Wet:**

- **kan 'n aandeelhouer van 'n maatskappy op enige tydstip en ooreenkomstig die bepalings van artikel 58 van die Wet, enige individu (insluitende 'n individu wat nie 'n aandeelhouer is nie) as gevolmagtigde aanstel om namens die aandeelhouer deel te neem aan, en te praat en te stem by, 'n aandeelhouersvergadering;**
- **kan 'n gevolmagtigde sy of haar gesag om namens die aandeelhouer op te tree aan 'n ander persoon delegeer, behoudens enige beperking wat uiteengesit word in die instrument wat die gevolmagtigde aanstel (sien nota 10 tot die Volmagvorm);**
- **ongeag die formaat van die instrument wat gebruik word om 'n gevolmagtigde aan te stel, word die aanstelling van 'n gevolmagtigde op enige tydstip opgeskort en in die mate wat die tersaaklike aandeelhouer kies om direk en persoonlik in die uitoefening van enige sodanige regte as aandeelhouer op te tree (sien nota 4 tot die Volmagvorm);**
- **is die aanstelling van 'n gevolmagtigde deur 'n aandeelhouer herroepbaar, tensy die vorm van die instrument wat gebruik is om sodanige gevolmagtigde aan te stel anders aandui;**
- **indien die aanstelling herroepbaar is, kan 'n aandeelhouer die aanstelling van 'n gevolmagtigde herroep deur (i) dit skriftelik te kanselleer, of 'n later strydige nominasie van 'n gevolmagtigde te maak; en (ii) 'n kopie van die herroepingsinstrument aan die gevolmagtigde en aan die maatskappy te lewer;**
- **'n gevolmagtigde wat deur 'n aandeelhouer aangestel is, is daarop geregtig om enige stemreg van die aandeelhouer uit te oefen, of buite stemming te bly, sonder opdrag, buiten in die mate wat die tersaaklike maatskappy se Akte van Oprigting, of die instrument wat die gevolmagtigde aanstel, anders bepaal (sien nota 2 tot die Volmagvorm);**
- **indien die instrument waarin 'n gevolmagtigde of gevolmagtigdes aangestel word, deur 'n aandeelhouer aan 'n maatskappy gelewer is, en so lank as wat daardie aanstelling van krag bly, moet enige kennisgewing wat ingevolge hierdie Wet of sodanige maatskappy se Akte van Oprigting deur die maatskappy aan die aandeelhouer gelewer moet word, deur die maatskappy gelewer word aan –**
    - **die tersaaklike aandeelhouer; of**
    - **die gevolmagtigde of gevolmagtigdes, indien die aandeelhouer: (i) die maatskappy skriftelik opdrag gegee het om dit te doen; en (ii) enige redelike geld betaal het wat deur die maatskappy gehef word om dit te doen; en**
- **indien 'n maatskappy 'n uitnodiging aan aandeelhouers rig om een of meer persone aan te stel wat deur die maatskappy as 'n gevolmagtigde genomineer is, of 'n vorm van instrument verskaf:**
    - **moet die uitnodiging na die vergadering waarop die volmag uitgeoefen kan word, aan elke aandeelhouer gestuur word wat geregtig is op kennisgewing van die vergadering;**
    - **moet die uitnodiging of vorm van instrument wat deur die maatskappy verskaf word:**
        - **'n redelike prominente opsomming van die regte wat deur artikel 58 van die Wet bepaal word, bevat;**
        - **voldoende oop ruimte bevat onmiddellik voor die naam of name van enige persoon/persone wat daarin genoem word sodat 'n aandeelhouer die naam, en indien hy/sy wil, 'n alternatiewe naam van 'n gevolmagtigde kan neerskryf wat deur die aandeelhouer gekies word; en**
        - **voldoende ruimte vir die aandeelhouer laat om aan te dui of die aangestelde gevolmagtigde ten gunste van of teen enige besluit(e) moet stem wat aan die vergadering gestel gaan word, of buite stemming moet bly;**
    - **moet die maatskappy nie vereis dat die aanstelling van 'n gevolmagtigde onherroeplik gemaak moet word nie; en**
    - **die aanstelling van 'n gevolmagtigde slegs geldig bly tot aan die einde van die vergadering waarop dit beoog was om gebruik te word.**

# SENWESBEL BEPERK

(ISIN Nommer: ZAEZ00000026)
(Geïnkorporeer in die Republiek van Suid-Afrika)
(Registrasienommer 1996/017629/06)

## VOLMAGVORM: 2020 ALGEMENE JAARVERGADERING

*Tensy dit anders gestipuleer word of duidelik blyk uit die samehang, sal alle begrippe met hoofletters in die volmagvorm die betekenisse hê wat daaraan toegeskryf is in die kennisgewing waaraan hierdie volmagvorm aangeheg is.*

**Vir gebruik deur aandeelhouers by die algemene jaarvergadering. Lees asseblief die opsomming en notas agterop hierdie volmagvorm.**

Ek/Ons (volle naam in drukskrif ) ______________________________________________________________

van (adres) ______________________________________________________________________________

Identiteit-/registrasie nr. ______________________________ Aandeelhouers / Senwes klant nr.: _______________

Sel nr. _______________________ E-pos adres: _______________________________________________

1. ______________________________________________________________________, of indien nie hy nie,

2. ______________________________________________________________________, of indien nie hy nie,

3. die voorsitter van die algemene jaarvergadering,

as my/ons gevolmagtigde om vir my/ons op te tree by die algemene jaarvergadering ten einde die besluite wat daar, en by enige verdaging of uitstel daarvan, voorgestel word te oorweeg en, sou dit geskik geag word, aan te neem en om die stemme uit te bring ten opsigte van al die aandele wat in my/ons naam/name geregistreer is, soos volg (dui met 'n "X" aan wat van toepassing is):

| | TEN GUNSTE VAN BESLUIT | TEEN BESLUIT | BLY BUITE STEMMING |
|---|---|---|---|
| **Gewone besluite** | | | |
| B1 Gewone besluit nr. 1 : Heraanstelling van die Ouditeur | | | |
| B2 Gewone besluit nr. 2 : Aanstelling van die Ouditkomitee lede: | | | |
| B2.1 Gewone besluit nr. 2.1 : Mnr NDP Liebenberg | | | |
| B2.2 Gewone besluit nr. 2.2 : Mnr AJ Kruger | | | |
| B2.3 Gewone besluit nr. 2.3 : Mnr JDM Minnaar | | | |
| B3 Gewone besluit nr. 3 : Bekragtiging van finale dividend | | | |
| **Spesiale besluite** | | | |
| C1 Spesiale besluit nr. 1 : Verandering van naam na 'Agribel Holdings' | | | |
| C2 Spesiale besluit nr. 2 : Algemene magtiging om aandele uit te reik en toe te ken | | | |
| C3 Spesiale besluit nr. 3 : Magtiging aan die Maatskappy of 'n filiaal van die Maatskappy om die aandele van die Maatskappy te verkry | | | |
| C4 Spesiale besluit nr. 4 : Magtiging tot die verlening van finansiële bystand aan 'n filiaal van die Maatskappy om die aandele van die Maatskappy te verkry. | | | |
| C5 Spesiale besluit nr. 5 : Direkteursvergoeding | | | |

*(Dui opdrag aan gevolmagtigde aan by wyse van 'n kruisie in die blokkie wat hierbo voorsien is.)*

Geteken te ________________________________ op ________________________________________ 2020.

Handtekening(e) (*sien nota 6*) __________________________________________

Name van ondertekenaar(s) (*volle name in drukskrif*) ____________________________________________

Bygestaan deur (sien nota 8) (*volle naam en hoedanigheid*) _________________________________________

Faks asb.: **086 680 3124** of E-pos: **claudi.smit@senwes.co.za**

## NOTAS TOT DIE VOLMAGVORM

1. ’n Aandeelhouer mag die naam/name van een of meer gevolmagtigdes van die aandeelhouer se keuse in die ruimte(s) wat voorsien is, invul met of sonder om “die voorsitter van die algemene jaarvergadering” te skrap, maar die aandeelhouer moet enige sodanige skrapping parafeer. ’n Gevolmagtigde hoef nie ’n aandeelhouer van Senwesbel te wees nie. Die persoon wie se naam eerste op die volmagvorm verskyn en wat by die algemene jaarvergadering teenwoordig is, sal geregtig wees om as gevolmagtigde op te tree en diegene wie se name volg sal uitgesluit wees. Indien geen naam aangedui word nie, sal die voorsitter van die algemene jaarvergadering gemagtig wees om die volmag namens die aandeelhouer uit te oefen.
2. ’n Aandeelhouer se instruksies op die volmagvorm moet aangedui word deur die tersaaklike aantal stemme wat deur die aandeelhouer uitgeoefen kan word met stemming in die toepaslike blokkie(s) in te voeg. Indien ’n behoorlik ondertekende volmagvorm ontvang word, maar geen aanduiding bevat van hoe die persoon wat daarin genoem word oor enige aangeleentheid moet stem nie, mag die gevolmagtigde stem of buite stemming bly na goeddunke tensy die volmagvorm anders aandui.
3. Volmagvorms moet aan die sekretaris gelewer word –
    - per hand: Charel de Klerkstraat 1, Klerksdorp, Noordwes provinsie, Suid-Afrika;
    - per pos: Posbus 31, Klerksdorp, 2570; Suid-Afrika;
    - per faks: 086 680 3124 of 018 464 2228; of
    - per e-pos: claudi.smit@senwes.co.za
    - elektronies: www.senwes.co.za.

   sodat dit deur die sekretaris ontvang word alvorens die aangestelde gevolmagtigde enige van die aandeelhouer se regte by die algemene jaarvergadering (of enige verdaging van die algemene jaarvergadering) uitoefen.
4. Die invul en aflewering van hierdie volmagvorm sal geensins die aandeelhouer uitsluit daarvan om die algemene jaarvergadering by te woon, daarop te praat en te stem nie, wat enige gevolmagtigde wat ingevolge daarvan aangestel is, sal uitsluit.
5. Die voorsitter van die algemene jaarvergadering kan enige volmagvorm verwerp of aanvaar wat ingevul is en/of anders as ooreenkomstig hierdie notas ontvang is, mits hy tevrede is met die wyse waarop die aandeelhouer wil stem.
6. Dokumentêre bewys wat die magtiging vasstel van die persoon wat hierdie volmagvorm in ’n verteenwoordigende hoedanigheid onderteken (bv. namens ’n maatskappy, trust, pensioenfonds, bestorwe boedel, ens.) moet aan hierdie volmagvorm geheg wees, tensy dit tevore deur die sekretaris aangeteken of van afstand gedoen is deur die voorsitter van die algemene jaarvergadering.
7. Waar aandele gesamentlik besit word, moet alle gesamentlike houers die volmagvorm onderteken.
8. ’n Minderjarige moet deur sy/haar ouer of voog bygestaan word, tensy tersaaklike dokumente wat sy/haar regbevoegdheid vasstel gelewer word of deur die sekretaris aangeteken is.
9. Enige verandering aan hierdie volmagvorm, behalwe die skrap van alternatiewe, moet deur die ondertekenaar(s) onderteken word en nie net geparafeer word nie.
10. ’n Gevolmagtigde mag nie die magtiging wat aan hom/haar verleen is met betrekking tot die volmagvorm aan iemand anders as die voorsitter van die algemene jaarvergadering delegeer nie.
11. ’n Stem wat kragtens die bepalings van ’n volmaginstrument uitgebring is, sal geldig wees ondanks die afsterwe of kranksinnigheid van die prinsipaal of herroeping van die volmag of die gesag waaronder sodanige volmag uitgeoefen is, of die oordrag van aandele ten opsigte waarvan die volmag gegee is, mits geen skriftelike aanduiding van sodanige dood, kranksinnigheid, herroeping of oordrag soos hierbo genoem deur die maatskappy ontvang is by die maatskappy se geregistreerde kantoor voor die uitoefen van enige van die aandeelhouer se regte by die algemene jaarvergadering of enige verdaging of uitstel van die algemene jaarvergadering.
12. Aandeelhouers word verwys na die belangrike bepalings van artikel 58 van die Wet, hierbo uiteengesit, wat aandeelhoursregte verduidelik.